**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 25/2008

In die saak tussen:

**PETRUS JOHANNES GLOY** Eerste Applikant
**JEANETTE GLOY** Tweede Applikant

en

**CYRIL SMIEDT (EDMS) BPK** Respondent

---

**CORAM:** C. J. MUSI, R

---

**AANGEHOOR OP:**

---

**GELEWER OP:**

---

[1] Die twee applikante vra vir die volgende regshulp:

> "1. Dat die lasbriewe uitgereik vanuit hierdie Agbare Hof op 27 November 2007 onder saak nommers 4877/2005 asook 4309/2006 tersyde gestel word;

2. Dat die Respondent die koste van hierdie aansoek sal betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt ..."

[2] Die twee applikante is wettiglik getroud. Hulle het in die

Streekhof te Kroonstad skuldig gepleit op aanklagte van diefstal en bedrog. Dit blyk dat die klaer in daardie aangeleentheid die huidige respondent is. Hulle is inderdaad skuldig bevind en elk as volg op 5 Oktober 2007 gevonnis:

hAgt jaar gevangenisstraf welke opgeskort word vir 'n periode van vyf jaar op dit beskuldegdes voorwaardes:

1. Dat ek en Tweede Applikante nie skuldig bevind word aan diefstal of aan bedrog en waarvoor on opgeskorte gevangenisstraf opgelê word, gepleeg binne die tydperk van opskorting nie; en

2. Dat ek en Tweede Applikante gesamentlik die bedrag van R1 miljoen betaal aan Mnr C Smiedt en wel as volg:

2.1 R600 000.00 betaal te word op 5 Oktober 2007; en daarna R5000.00 per maand vir die tydperk van 58 maande met ingang vanaf 1 November 2007 en daarna op of voor die 1ste dag van elke daaropvolgende maand tot en met 1 Augustus 2012 en 'n finale paaiement van R110,000.00 voor of op 1 Oktober 2012.

3. Alle betalings te geskied aan Smiedt se

regsverteenwoordigers, Grimbeek Van Rooyen & Vennote, Presidentlaan 42, Kroonstad."

[3] Op 5 Oktober 2007, voordat die applikante gevonnis was, het hulle elk identiese skikkingsooreenkomste onderteken. Die terme van die ooreenkomste is die volgende:

"DIE PARTYE KOM AS VOLG OOREEN:

1.

Verweerder tesame met J GLOY onderneem hiermee om gesamentlik en afsonderlik aan Eiser te betaal die bedrag van R1,000,000.00 (EEN MILJOEN RAND)

2.

Voormelde bedrag is betaalbaar by wyse van-

2.1 'n Eenmalige bedrag van R600,000.00 (SESHONDERD DUISEND RAND) wat reeds betaal is ten tye van ondertekening van hierdie ooreenkoms.

2.2 Die balans in paaiemente van R5,000.00 (VYFDUISEND RAND) per maand met ingang vanaf 31 Oktober 2007 en daarna voor of op die laaste dag

van elke daaropvolgende maand.

2.3 Voormelde paaiemente van R5,000.00 sal betaal word oor ’n tydperk van 5 (vyf) jaar en die balans van R100,000.00 (EENHONDERD DUISEND RAND) verskuldig sal betaalbaar wees op 30 September 2012 tesame met die laaste paaiement van R5,000.00.

3.

Elke party sal verantwoordelik wees vir sy eie regskoste.

4.

Die partye plaas op rekord dat Verweerder asook J GLOY skuldig gepleit het op ’n klag van diefstal van R1,000.000.00 waar Eiser die klaer is en sal enige betaling gemaak ingevolge ’n vergoedingsbevel deur die Streekhof waarin voormelde Verweerder en J GLOY gevonnis word, geag word ook betalings in terme van hierdie skikkingsooreenkoms te wees.

5.

Indien enige betaling agterstallig is, sal die volle uitstaande bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees en sal die uitstaande bedrag rente dra vanaf datum van agterstalligheid tot datum van betaling teen die toepaslike moratore koers van tyd tot tyd.

6.

Die partye stem hiermee toe dat hierdie skikking 'n bevel van die Hof gemaak word en dat die Eiser geen verdere eise teen die Verweerder sal hê nie, van watter aard ook nie, voortspruitend uit die skuldoorsaak.

7.

Die partye plaas ook op rekord dat hierdie skikking geen invloed sal hê op enige vonnis wat deur die Streekhof opgelê word ten opsigte van die Verweerder nie.“

GETEKEN te KROONSTAD hierdie 5de van OKTOBER 2007

AS GETUINES:
1.____________________
2.____________________

______________________

Nms CRYRIL SMIEDT (EDMS)BPK

______________________

PJ GLOY

[4] Op 1 November 2007 het eerste applikant 'n bedrag van

R5000.00 inbetaal. Op 27 November 2007 is nog ’n bedrag van R5000.00 deur tweede applikant inbetaal.

[5] Op 15 November 2007 het my suster Van Zyl R, na ’n aansoek deur die respondent, ingevolge Reël 41(4) die onderskeie skikkingsooreenkomste, op ’n onbestrede basis, bevele van die hof gemaak (sien saak nommers 4309/2006 sowel as 4877/2005. Op 27 November 2007 het die griffier van hierdie hof lasbriewe tot uitwinning teen die applikante se goed uitgereik, omrede hulle nie die eerste R5000.00 op 31 Oktober 2007 maar wel op 1 November 2007 betaal het.

[6] Die applikante voer aan dat die wanprestasie deur ’n misverstand veroorsaak was. Hulle was nie bewus dat die datums van betaling op die skikkingsooreekomste verskil van die datum van die landdros se bevel. Meneer Cilliers, namens die applikante, het in betoog, enersyds, aangevoer dat paragraaf 4 van die skikkingsakte die bron van die misverstand is en andersyds dat die applikante wel voldoen

het aan die ooreenkoms omdat hulle die landdros se bevel nagekom het. Die applikante het ook aangevoer dat hulle nie geweet het dat hulle voor of op 31 Oktober 2007 moet betaal nie. Meneer De Wet, namens die respondent, het tereg aangevoer dat ooreenkomste tussen partye afgedwing moet word. Volgens hom het die streeklanddros se bevel nie die tyd vir betaling in die skikkingsakte neergelê geraak nie.

[7] Ek haal gerieflikheidshalwe weer paragraaf 4 van die skikkingsooreenkoms aan:

"4.

ffDie partye plaas op rekord dat Verweerder asook J GLOY skuldig gepleit het op 'n klag van diefstal van R1,000.000.00 waar Eiser die klaer is en sal enige betaling gemaak ingevolge 'n vergoedingsbevel deur die Streekhof waarin voormelde Verweerder en J GLOY gevonnis word, geag word ook betalings in terme van hierdie skikkingsooreenkoms te wees."

Meneer De Wet het geargumenteer dat hierdie paragraaf duidelik en ondubbelsinnig is en dat dit in effek slegs beteken

dat enige bedrag wat betaal word in verrekening gebring sal word en afgetrek sal word van die uitstaande balans ingevolge die skikkingsooreenkoms. So eenvoudig is dit darem nie. Paragraaf 4 bepaal duidelik dat enige betaling gemaak ingevolge die vergoedingsbevel deur die streekhof geag sal word ook 'n betaling in terme van skikkingsooreenkoms te wees.

[8] Volgen die gouie reel van interpretasie moet woorde in 'n geskuif hulle gewone gremmatikale betekening gegee word tnsy dit tot 'n abfurditelf of teenstrydigheid sal lei. **<u>COOPERS & LADYBRAND v 1995 (3) SA 767 E – 768 E.</u>**

Die verklarende Hend woordeboek van die Afrikaanse taal (HAT) difineer bevel as volg "bevel s.uw 1 Gebod, order....." die verlkarende Afrikaanse woordeboek deur Labuschagne en Ksteen 8ste uitgawee defineer dit as volg " bevel, order gebod, opdrag...". Die vergoedingsbevel van die Landros is dis sy vregoedingsopdrag aan die twee applikante.

Die vergoedingsbevel van die Landros is die bevel in sy gelieel en nie gedeeltes daavan nie. 'N Ander uitleg sal tot 'n absurditeit lei.

[9] Indien die applikante 'N Betaling ingevolge die streeklanddros se bevel moes maak beteken dit dat hulle alle bepalings van daardie bevel moes nakom. ’n betaling op 2 November 2007, byvoorbeeld, sou nie 'n betaling ingevolge die streeklanddros se vergoedingsbevel gewees het nie en sou derhalwe nie geag kon word u betaling ingevolge die ooreenkoms nie. 'n Betaling van R4000.00 op 1 November 2007 is ook nie ’n betaling ingevolge die streeklanddros se vergoedingsbevel nie. Indien die applikante nie die betaaldatum of die bedrag van die streeklanddros se bevel nagekom het nie het hulle die risiko geloop dat hulle weer voor die hof sou staan om ,n aansoek om die inwerkingstelling van die opgeskorte vonnis af te weer. Daar moet onthou word dat ’n skikkingsooreenkoms nie ’n bevel van die hof is nie en dat geen lasbrief tot uit________ slegs op sterkte van ’n skikkingsooreenkoms beskou kan word nie. **BRANDTNER v BRANDTNER** 1991 (1) SA 866 WLD. Die argument dat die streeklanddros se bevel nie die tyd vir die skikking kon raak nie is ook misplaas. Op die feite en omstandighede van

hierdie saak sou dit beteken dat die applikante die streeklanddros se bevel kon verontagsaam ter nakoming van 'n ooreenkoms wat nie 'n hofbevel is nie.

[10] Indien die landdros se vergoedingsbevel met die skikkingsooreenkoms vergelyk word is dit duidelik dat die ooreenkoms onder die landdros se aandag gebring was. Dit is duidelik dat die partye antisipiteer het dat die landdros 'n bevel ingevolge die skikkingsooreenkoms sou maak. Dat daar informele pleitonderhandelinge was is duidelik. Daar was 'n verwagting dat die landdros se bevel met betrekking tot die datum van prestasie ook dieselfde as die skikking sou wees. Paragraaf 4, inaggenome al die omstandighede, is heel waarskynlik as gevolg van daardie verwagting bygevoeg.

[11] Die respondent as outeur van die skikkingsakte kon gewag het tot die afhandeling van die strafsaak om die ooreenkomste te laat onderteken. Dit is duidelik dat die respondent die siviele aangeleenthede wou afhandel of bevorder deur die

druk van 'n strafgeding en moontlike potensiële gevangenisstraf te gebruik. Hy verklaar self as volg:

> „In this regard I might mention that the plea of guilty in the criminal case was only offered by the Applicants after consultation with myself through my attorney Mr B C van Rooyen and once I had agreed that the civil matters could be settled in terms of Annexure "B“ and “C” and Annexures “A” and “B” (sic) actually signed.”

[12] Dit is waarskynlik die hoop om twee vlieë met een klap te dood wat gelei het tot die onelegante en lomp paragraag 4. Indien paragraaf 4 nie deel van die ooreenkoms was nie dan sou die applikante geen been gehad het om op te staan nie. Paragraaf 7 van die skikking noem maar net wat vanselfsprekend is en dit is dat geen skikking of pleitonderhandeling 'n landdros se strafbevoegdheid aan bande kan lê nie. Myns insiens het die applikante ingevolge die landdros se bevel betaal en word daardie betaling geag 'n betaling ingevolge die skikkingsooreenkoms te wees. Daar was dus voldoening aan die skikkingsooreenkoms en was

daar dus nie gronde vir die uitreik van die lasbriewenie. Die aansoek behoor te slaag.

[13] Die respondent in hierdie aangeleentheid het uiters nydig, onredelik en kwelsugtig opgetree. Die respondent voer aan dat sy optrede nie onredelik is nie want

> “Nobody can foresee what will happen in the future and the applicants might pass away or become financially embarrassed to such an extent that they are not able to repay the balance to the substantial amount owing to the Respondent.”

Die respondent moes gedink het toe hy die skikkingsooreenkomste onderteken het. Dit het toe besef dat die gelde eers teen 2012 vereffen sal wees. Op daardie stadium het die almagtige, alomteenwoordige verskynsel die dood, reeds oor die twee applikante se kop gehang. Die risiko dat hulle later moontlik nie oor die vermoeë sal beskik om die gelde te betaal nie, was ook 'n realiteit. Die respondent wou

volhard het met die siviele aangeleenthede en by wyse van sy sivielregtelike remedies, na vonnis, lasbriewe tot uitwinning bekom het. Ek is dus nie beïndruk deur die respondent se argument nie. Die applikante is onnodiglik genoodsaak om ten duurste aansoek te doen vir die tersyde stelling van die lasbriewe. Die verskil in die landdros se bevel en die skikking is slegs een dag. Die applikante het twee dae voor einde November 2007 betaal. Na my mening moet ek my misnoeë uitspreek by wyse van 'n gepaste koste bevel.

[14] Gevolglik staan ek bedes 1 en 2 van die kennisgewing van mosie toe.

**C. J. MUSI, R**

Namens die applikante: Mnr. H. J. Cilliers
In opdrag van:
Naudes
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Mnr. P. J. T. De Wet<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |